Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens kondig nuwe soekinstrument, *SUNSearch*, aan

By die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens bly ons aan die voorpunt van tegnologie. Daarom span ons nou die volgende generasie aanlyninstrumente in om jou moeitelose toegang tot ons hele versameling inligtingsbronne te bied.

As inligtingsverskaffers verstaan ons dat die honderde beskikbare databasisse, webtuistes, versamelings en navorsingsbewaarplekke dit al hoe moeiliker maak om die regte inligting en materiaal vir jou navorsing en studie te vind. Trouens, die Biblioteek alleen bied toegang tot meer as 51 000 aanlyntydskrifte!

Ons nuwe soekportaal, **SUNSearch**, bied ons kliënte dus nou ononderbroke toegang tot plaaslike én internasionale inhoud deur 'n enkele, intuïtiewe koppelvlak. Kliënte sal deur verskeie aanlyntydskrifdatabasisse en etlike ander vakkundige bronne kan soek om een gekonsolideerde resultatelys van gedrukte en aanlynmateriaal te bekom. SUNSearch word ook tans verder ontwikkel om die opsporing van boeke, tesisse en verhandelinge in te sluit. Die soektogte is blitsvinnig en maklik om te onderneem.

SUNSearch bevat 'n verskeidenheid instrumente wat die soek en vind van tersaaklike inligting makliker en vinniger maak. Dit het onder meer 'n ingeboude aanbevelingsdiens wat riglyne bied oor soortgelyke kliënte se soektogte en uiteindelike keuses. Waar moontlik en in soverre institusionele regte dit toelaat, kry kliënte ook toegang tot volledige tekste.

Hoogtepunte van SUNSearch:

Intuïtief – Die maklik hanteerbare koppelvlak verg nie enige bykomende opleiding nie en is ontwerp om die hele soekproses te stroomlyn.

Doeltreffend – SUNSearch is vinnig en bied hoogs relevante resultate. Die uitskakeling van dataduplikasie maak dit makliker om die regte inligting te vind.

Persoonlik – Gebruikers kan hul soekresultate stoor; voorkeure en waarskuwingsboodskappe instel, en biblioteekmateriaal na hul persoonlike navorsingsruimtes op SUNSearch of derdepartyprodukte soos RefWorks verskuif.

Oral beskikbaar – Die soekfunksie kan by institusionele portale, kursusbestuurstelsels of ander derdepartysagteware geïntegreer word om gebruikers in staat te stel om inligting te kry wanneer hulle dit ook al nodig het, waar hulle ook al is.

Bevredigend – Kliënte kry tersaaklike, vakkundige inligting wat die data van konvensionele soekenjins by verre oortref.

SUNSearch is gegrond op ultramoderne 'wolkrekenaarkunde' ("cloud computing") en 'dienste in 'n wolk'-tegnologie wat deur 'n maatskappy genaamd ExLibris ontwikkel is.

Vir 'n **Beta**-weergawe van SUNSearch, gaan na (URL)
http://library.sun.ac.za/SUNSearch

Vir meer inligting oor SUNSearch, skakel met Natasja Malherbe by 021 808 2845 of nmalherbe@sun.ac.za.